# Boere steier onder misdaad

## Miljoene se vee, wild in 2020 gesteel

04 December 2020 | Misdaad (https://www.republikein.com.na/kategorie/misdaad)



Elvira Hattingh

(https://www.republikein.com.na/main/print_

(https://nmh.my.na/advert/track/951/97568140/)




Sedert die begin van die jaar het boere in die Kalkfeld-, Omitara-, Witvlei- en Steinhausen-omgewing 'n gesamentlike verlies van meer as N$3,35 miljoen aan die diefstal van vee, wild en infrastruktuur gely.

Die afgelope drie maande was die bloedigste en diewe het hier eiendom ter waarde van bykans N$1,1 miljoen weggedra.

Sedert die begin van die jaar tot November, is in die Omitara-, Witvlei- en Steinhausen-omgewing verliese van meer as N$1,65 miljoen weens diefstal by die Nossob Misdaadvoorkomingsforum (NCPF) aangemeld.

Die forum, wat noukeurig sedert sy ontstaan verlede jaar hiervan boekhou, se data toon dat dit 'n verlies van N$702 750 aan klein- en grootvee insluit, N$691 260 aan wild asook N$258 000 aan infrastruktuur, soos byvoorbeeld dompel- of sonpompe.

Mnr. Jürgen Matthaei, voorsitter van die Nossob Misdaadvoorkomingsforum (NCPF), sê boere wat in die omtrek van informele nedersettings woon, word die ergste getref.

Hierdie syfers verteenwoordig net die gevalle wat by hulle aangemeld is, sê hy. Hy vermoed sowat 70% van diefstalle en stropery word wel by hulle aangemeld, terwyl daar na raming sowat 30% is wat nie aangemeld word nie.

KALKFELD

Boere in die Kalkfeld-omgewing het vanjaar ook meer as N$1,7 miljoen aan diefstal verloor, terwyl diewe 'n enkele landbouer skade van N$656 000 berokken het toe daar by hom meer as 100 beeste gesteel is, waaronder 'n Simbra-bul.

"Stappe word gedoen om die saak met behulp van georganiseerde landbou op die hoogste vlak aan te roer," het mnr. Günther Kahl, ondervoorsitter van die Kalkfeld-boerevereniging, gister aan Republikein bevestig.

Hy meen die byhou van statistiek is die enigste manier om 'n sterk saak voor te lê en dat meer drastiese stappe teen wild- en veediewe ge

Die Kalkfeld-boerevereniging hou sedert 2013 noukeurig boek van vee-, wild- en infrastruktuurdiefstal in hul omgewing. Volgens hul boek en is altesaam 582 stuks vee, ter waarde van bykans N$4,8 miljoen, oor die tydperk gesteel. Ook sowat 284 stuks wild is geslag.

GEORGANISEERD

Intussen is boere "redelik moedeloos" met die stand van sake en oorweeg sommige om handdoek met hul boerderye in te gooi.

Mnr. Tinus Cocklin, wie se plaas aan Witvlei grens en wat self die afgelope jaar reeds 17 bees en 14 skape verloor het, sê hulle ervaar 'n er talle mense werkloos gelaat is.

Tydens Republikein se oproep gister was die gemeenskap juis besig met 'n ondersoek nadat in die vorige 48 uur minstens drie beeste by skape uit 'n kraal by sy huis gesteel is.

"Die stelery is verseker georganiseerd," het hy gesê. "Jy kom dadelik agter as iemand vir die pot geslag het. So 'n persoon maak dikwels 'n morsig en dit is 'n een- of twee-man-oefening.

"Dinge het egter heeltemal oor die laaste maande verander. Die verdagtes is georganiseerd, hulle slag skoon en op 'n seil, vleis word inge

SPOTPRENTE (HTTPS://WWW.REPUBLIKEIN.C




(https://d3rp5jatom3eyn.cloudfront.net/a vir-18-desember-20202020-12-180.jpg)

**Spotprent vir 18 Desember 2020**

18th of December 2020

Hy sê in die Witvlei-omgewing is sowat elf reserviste wat baie van die speurwerk self doen.

“As ons inligting kry en 'n plek skut, is die vleis meestal nie meer daar nie. Daar is mense wat 'n vet klomp geld uit ander se verliese maak,'

GEWOONTEMISDADIGERS

Cocklin sê dit is die norm om dieselfde verdagtes herhalend te vang.

“Die meeste van hulle wat in die gebied werksaam is, het reeds vyf of ses klagte teen hulle, maar hulle kom net elke keer weer op borgtog

Hy sê deel van die probleem is dat die plaaslike polisiestasie nie die mannekrag het om al die misdaad op te volg nie, buiten daarvoor dat

“Sou ons iemand vang en hom tot by die hof kry, is dit dikwels die regstelsel wat ons in die steek laat.”

Hy het vertel dat hulle vroeër vanjaar vermeende skaapdiewe gevang het, maar dat die hofsaak misluk het omdat die regter gemeen het d sloer, want gedurig is getuies soek of dit word om ander redes uitgestel.

“Die probleem raak ál erger omdat die oortreders weet hulle sal nie werklik iets oorkom as hulle gevang word nie.”

Cocklin sê buiten vir verskeie boere in die omgewing, is hy self bykans op die punt om sy boerery op te gee. “Ná die droogte van verlede ja

VERGADERING MET SCHLETTWEIN

Tydens 'n vergadering tussen die minister van landbou, water en grondhervorming, mnr. Calle Schlettwein, en boere uit die Omitara-omg die saak onder die minister se aandag gebring.

Hy het vertel daar is in een nag sowat 100 stuks kleinvee op sy plaas geslag, insluitend 34 wat aan een van sy plaaswerkers behoort het w

Maree sê in gesprekke met private teenstropingseenhede, het dit geblyk dat gebrekkige administratiewe werk deur polisiebeamptes dikw

“Telkemale word hulle gevang, maar is ná 'n paar dae weer vry en gaan net voort met die slagting,” het hy gesê. Hy meen ook daar moet s

– elvira@republikein.com.na

Jou kommentaar hier...

***SOORTGELYK***



**Jongste oor voorvaderlike grond (https://www.republikein.com.na/nuus/jongste-oor-v**

2 ure gelede | Landbou (https://www.republikein.com.na/kategorie/landbou/)

Net meer as twee jaar sedert Namibië se tweede nasionale grondindaba in Oktober 2018, is nog net 0,6% van besluite wat geneem is, oftev

**Vier meisies verkrag (https://www.republikein.com.na/nuus/vier-meisies-verkrag2020**

5 ure gelede | Misdaad (https://www.republikein.com.na/kategorie/misdaad/)

Drie meisies (9, 12 en 16) is die feestyd verkrag en 'n elfjarige meisie is tussen Junie en Desember glo herhaaldelik deur drie mans verkrag..



**Nóg slagoffers ná Oukersaand-ongeluk (https://www.republikein.com.na/nuus/ng-slag**

6 ure gelede | Ongelukke (https://www.republikein.com.na/kategorie/ongelukke/)

Die trompopbotsing Oukersaand tussen twee bakkies naby Rehoboth het nóg lewens geëis. 'n Twee maande oue babameisie, McQueen Ga

**Twee babas in Kerstyd weggegooi (https://www.republikein.com.na/nuus/twee-babas-**

16 ure gelede |

Twee pasgebore babas is in Kerstyd in die Noorde weggegooi en 'n vyf maande oue baba is glo deur sy ma doodgelê.Volgens die Namibies

**Pa en seun vandag in hof oor moord (https://www.republikein.com.na/nuus/pa-en-seu**

16 ure gelede | Misdaad (https://www.republikein.com.na/kategorie/misdaad/)

'n Bejaarde pa en sy seun verskyn vandag in die Karasburg-landdroshof op klagte van moord, dwarsboming van die gereg en liggaamskenc



**Windhoek verwelkom 30 Kersbabas (https://www.republikein.com.na/nuus/windhoek**

1 dag gelede | Mense (https://www.republikein.com.na/kategorie/mense/)

Private en staatshospitale in die hoofstad het op Kersdag 30 gesonde babas verwelkom. In die Katutura-staatshospitaal is 17 babas gebore



**Renosterhoring, ivoor op Swakop-plot gevind (https://www.republikein.com.na/nuus/r**

1 dag gelede | Misdaad (https://www.republikein.com.na/kategorie/misdaad/)

'n Bejaarde man is gister by die Swakopmundrivier-plotte glo met 'n ou renosterhoring en vyf stukke olifanttande in sy besit vasgetrek. Volg

Heidi Schubert

Subskripsie

Reëls vir Kommentaar (https://www.republikein.com.na/page/re vir-kommentaar/)

Hoofnavigasie

My.na Kleinadvertensies (https://www.my.na/classifieds/)

Kategorieë

Kontak ons (https://www.republikein.com.na/page/k ons/)

NMH Advertising Rate Cards (http://nmh.cloud/bookcase/wbazr)

Dienste

Digitale Weergawe

SPOTPRENTE (HTTPS://WWW.REPUBLIKEIN.C




(https://d3rp5jatom3eyn.cloudfront.net/a vir-18-desember-20202020-12-180.jpg)

**Spotprent vir 18 Desember 2020**

18th of December 2020